Skoonheid van die natuur is nie 'n eienskap van dinge nie, want skoonheid vereis 'n verhouding van dinge tot die menslike gees. Dit word bepaal in terme van 'n aktiwiteit van die gees van die mens of, anders gestel, van 'n rigtingbepaalde menslike funksie. Met estetiese skoonheid word die ryk van lewende vorme betree en nie van lewende dinge nie; die estetiese ervaring is 'n deurlewing van die dinamiese aspek van vorme.

Kuns is die openbaring van die innerlike lewe van die mens waarin daar harmonie gebring word tussen die mens en sy wêreld. Verbonde aan die sinnelike, verhef die mens hom daarbo en bevry homself van sy sinnelike gebondenheid deur die funksionele simboolskepping van suiwere vorme. Nie alleen word hy bevry van sy sinnelike ervaring nie, maar ook van die las van sy emosies. "But art turns all these pains and outrages, these cruelties and atrocities, into a means of selfliberation, thus giving us an inner freedom which cannot be attained in any other way."[1]

## HOOFSTUK 8 GESKIEDENIS

1. Inleiding. Vir Cassirer is daar twee universele beginsels wat ons in al die vorme van die menslike ervaring vind en dus ook in die wêreld van geskiedenis. Hierdie twee kategorieë van substansie en verandering, van syn en wording is voorwaardes en voorveronderstellings van ons empiriese kennis. Selfs die wêreld van geskiedenis kan nie enkel in terme van verandering verstaan word nie. Sonder hierdie element kan daar nie van geskiedenis gepraat word as 'n sisteem nie. Geskiedenis as sisteem het ook deel aan 'n identiese struktuur, soos deur elke sisteem veronderstel. Hierdie strukturele identiteit bestaan nie uit 'n identiteit van materie nie maar van vorm.

Die historiese insig is 'n baie laat produk van die menslike kultuur. Voor die groot Griekse historici was die mens tevrede met 'n mitiese verklaring van die oorsprong van dinge. Toe die mens bewus word van die probleem van tyd en hy begin navraag doen na die oorsprong van dinge, vind hy 'n antwoord in die mite, waar 'n poging aangewend word om 'n kronologiese volgorde van dinge en gebeure te bepaal. Hierdie verklaring is nie histories in die ware sin van die woord nie, want in die mite is verlede, hede en toekoms saamgebonde. Mitiese tyd het geen bepaalde struktuur nie en van mitiese oogpunt het die verlede nie verbygegaan nie - dit is nog altyd hier. Toe die mens egter die komplekse samestelling van die mitiese verbeelding begin ontrafel, word hy oorgeplaas na 'n nuwe wêreld, 'n wêreld van feite en vorm hy 'n totaal ander begrip van die werklikheid; hy begin onderskei tussen historiese en mitiese denke, tussen legende en waarheid.

2. Die interpretasie van historiese feite.

a. Historiese feite: Dit is onbetwisbaar dat geskiedenis van feite afhanklik is, maar om historiese waarheid te omskrywe as in ooreenstemming met feite is foutief. Feite is geen geskiedenis nie, maar is slegs die materiaal wat gebruik word om geskiedenis te vorm (funksioneel, simbolies, vormend, skeppend en interpreterend). Net soos die klanke by die taal en die sinnelike materiaal by kuns, moet die feite van die geskiedenis tot



1. E.o.M., 149.

simboolvorme omskep word ("from inside to outside"). Dán eers kan ons van geskiedenis praat.

In sy ontleding van historiese feite kom Cassirer tot die volgende gevolgtrekking: Alle feitelike waarheid veronderstel teoretiese waarheid en wanneer ons van feite praat verwys ons nie net na ons sintuiglike data nie maar ons dink ook aan empiriese, dit wil sê objektiewe feite. Hierdie objektiwiteit is nie maar net gegee nie. Ons vorm feite deur ons oordele en om te weet wat feite is, moet ons objektiverende (feitevormende) oordele ondersoek. Dieselfde geld vir historiese feite. Geskiedenis is dan vir Cassirer dit wat die mens met sy funksionele simboolvorming vanuit die menslike gebeure saamstel.

Beide fisiese en historiese feite is deel van die empiriese werklikheid en beide besit objektiewe waarheid maar in 'n andersoortige sin. Fisiese feite word deur waarneming en eksperiment bepaal, is onderhewig aan meting en toetsing en kan in matematiese taal beskryf word. 'n Fenomenon wat nie sodanig beskryf kan word nie en nie aan meting en toetsing onderhewig kan wees nie, is nie deel van die fisiese wêreld nie. 'n Historiese feit behoor egter tot die verlede en om dit te kan ontleed en te betrek in 'n historiese sisteem moet 'n nuwe idiële bestaan daaraan gegee word. "Ideal reconstruction, not empirical observation, is the first step in historical knowledge."[1] Waar die fisiese of wetenskaplike feite altyd aan toetsing onderhewig is en die wetenskaplike 'n direkte toegang tot sy stof het, het die historikus maar slegs 'n indirekte benadering tot die materiaal waarmee hy moet werk. Sy vrae moet aan die dokumente en monumente van die verlede gerig word - hulle is simbole wat gelees en vertolk moet word. Alleen deur middel van hierdie simboliese data kan die geskiedenis verstaan word. Die papirusrol, 'n fisiese objek in sig selwe, het geen historiese betekenis voordat dit nie gelees en verstaan kan word nie; of anders gestel - dit het geen waarde tensy dit met betekenis belaai word nie (simbolies-funksioneel). Slegs deur hierdie simboliese handeling kan 'n insig in 'n vorige kultuur verkry word.

Omdat geskiedenis objekte dan andersoortig is as díe wat die wetenskap ondersoek, wil dit nog glad nie sê dat dit nie onderworpe is aan die gewone logiese eise nie. In sy soeke na die waarheid is die historikus aan dieselfde formele reëls gebonde as die natuurwetenskaplike in sy werk. Die historikus moet aan die eise van dieselfde denkwette beantwoord want in die fundamentele teoretiese aktiwiteite van die menslike gees word daar geen onderskeid gemaak tussen verskillende kennisgebiede nie. Andersyds wil dit ook nie sê dat objekte histories bestempel kan word omdat dit tot die verlede behoor nie. Die 'wetenskap' stel ook belang in die verlede; getuie hiervan is die geologiese navorsing. Die geoloog begin met spore wat hy vandag vind en verbind die hede met die verlede deur 'n terugwaartse navolging van die ketting van oorsaak en gevolg. Sy rekonstruksie is empiries. Dieselfde geld vir die historikus, maar sy rekonstruksie is in die laaste instansie simbolies; sodoende kan 'n vroeëre stadium van die menslike lewe en kultuur blootgelê word. In hierdie simboliese rekonstruksie

58./ maak die historikus ....

1. E.o.M., 174.

maak die historikus gebruik van wetenskaplike metodes en ook van fisiese objekte. Dit is egter nie voldoende nie want historiese objekte, alhoewel beliggaam in die fisiese, behoor nog aan 'n ander dimensie. Wat ons die historiese sin noem, verander nie die vorm van dinge nie, ontdek nie daarin nuwe kwaliteite nie, maar gee aan die dinge en gebeure nuwe diepte.

b. Geskiedenis as palingenese: Soos reeds hierbo gesê voeg die historikus by die empiriese en feitlike rekonstruksie nog 'n historiese rekonstruksie by. Sy dokumente en monumente van die verlede is nie dooie oorblyfsels nie, maar lewende boodskappe daaruit. As die historikus nie daarin slaag om die simboliese taal van sy objekte te ontsyfer nie, dan bly die geskiedenis vir hom 'n geslote boek. Die simboliese inhoud is egter nie onmiddelik sigbaar nie en dit is die taak van die taalkenner, die filologis en die historikus om hulle te laat praat. Die onderskeid tussen die werke van die historikus en die van die geoloog en paleontoloog lê in hierdie spesiale opdrag om deur te dring tot die simboliese idioom wat in die fisiese objekte opgesluit lê en nie soseer in die logiese struktuur van die historiese denke nie. Daarom is die historikus baie meer van 'n taalkenner as wat hy 'n natuurwetenskaplike is. "What the historian is in search of is rather the materialization of the spirit of a former age. He detects the same spirit in laws and statutes, in charters and bills of right, in social institutions and political constitutions, in religious rites and ceremonies. To the true historian such material is not petrified fact but living form. History is the attempt to fuse together all these d i s j e c t a m e m b r a , the scattered limbs of the past and to synthesize them and mold them into new shape."[1] Geskiedenis is dus nie herinnering nie, maar 'n weergeboorte van die verlede. Wat die historikus na strewe is 'n palingenese van die verlede en hy is, soos Schlegel dit gestel het, "einen rückwärts gekehrten Propheten". Hierdie profetiese siening van die verlede is 'n openbaring van sy verborge lewe. Geskiedenis kan nie die toekoms voorspel nie, dit kan net die verlede vertolk. Omdat die lewe egter 'n organiese geheel is waarin al die elemente mekaar veronderstel en verklaar, gee hierdie nuwe begrip van die verlede aan ons terseldertyd 'n nuwe visie van die toekoms, wat op sy beurt weer as 'n impuls vir die intellektuele en sosiale lewe van die hede dien. Vir hierdie dubbele beskouing van die wêreld, retrospektief en prospektief, vind die historikus sy uitgangspunt in die hede. Historiese kennis is die antwoord op bepaalde vrae en die antwoorde moet deur die verlede gegee word. Hierdie vrae onstaan uit die intellektuele, sedelike en sosiale behoeftes en belange van die hede.

c. Die verband tussen die hede en die verlede: Op grond van die onmiskenbare verband tussen die hede en die verlede kan ons tot verskillende gevolgtrekkings kom, wat betref die waarde en betekenis van die historiese kennis. Vir Croce lei dit tot die mees radikale historisme. Vir hom omspan die geskiedenis die hele werklikheid en is nie slegs deel daarvan nie. Dit bring hom tot 'n algehele vereenselwiging van geskiedenis en filo-

1. E.o.M., 177.

59./ sofie. Buite en ....

sofie. Buite en behalwe die menslike wêreld van geskiedenis is daar geen ander wêreld van syn nie, geen ander "subject matter" vir die filosofiese denke nie.

Die teenoorgestelde beskouing word deur Nietzsche gehuldig. Ook hy dring daarop aan dat ons alleen die verlede kan verklaar deur middel van wat die hoogste in die hede is. Maar hy gaan verder en verklaar dat die mens se historiese sin vir hom 'n inherente gevaar inhou. Dit is 'n siekte waaraan die mens lei, want dit dwarsboom die enrgieë van die mens se lewe. Dit verhinder die sterk impuls om dinge te doen en dit verlam die dader, want die meeste van ons kan alleen dán dinge doen, wanneer ons vergeet. Die onbeperkte historiese sin, tot sy uiterste logiese konskwensies gedryf, ontwortel die toekoms. Teenoor hierdie beskouing het Cassirer wesenlike beswaar. Ons bewussyn van die verlede behoor nie ons aktiewe magte te verlam of te verswak nie. Inteendeel, as dit reg gebruik word, gee dit ons 'n vryer oorsig van die hede en versterk dit ons verantwoordelikheid teenoor die toekoms. "Man cannot mold the form of the future without being aware of his present conditions and the limitations of the past."[1] Geskiedenis verbind die teenoorstaande pole van tyd en gee deur middel daarvan aan ons die gevoel van die kontinuïteit van die menslike kultuur.

d. Historiese kontinuïteit: Hierdie eenheid en kontinuïteit word veral duidelik op die terrein van ons intellektuele kultuur. In die geskiedenis van die filosofie is die feite van die filosofiese verlede, die leerstellings en beskouings van groot denkers betekenisloos as daar nie interpretasie was nie. Hierdie prose van vertolking kom nooit tot stilstand nie, want so gou as wat ons nuwe insigte bekom, moet ons, ons oordele hersien. Die geskiedenis van die filosofie toon duidelik aan dat die volle bepaling van 'n begrip baie selde die werk is van daardie denker wat die begrip die eerste gestel het. In die aanvang is die probleem implisiet en dit moet eksplisiet word as sy volle betekenis begryp moet word. Hierdie oorgang van die implisiete na die eksplisiete is die taak van die toekoms.

Nou mag dit wel gesê word dat die kontinue proses van interpretasie en herinterpretasie wel nodig mag wees in die geskiedenis van ideë, maar dat dit nie die geval is met die werklike geskiedenis nie. Dit is die geskiedenis van die mens en die menslike handelinge en waar ons te doen het met skynbaar harde en vanselfsprekende feite. Hierop antwoord Cassirer dat dit wat beoordeel word, nie blote feite is nie, maar mense met persoonlikheid en karakter en dit vereis simboliese interpretasie. Tensy die historikus maar enkel 'n teboeksteller van gebeure is, of tensy hy hom tevrede stel met die verhaal van die kronologiese gebeure, moet hy hierdie moeilike taak aanpak en uitvoer. Die kennis van die historiese kontinuïteit lê dus vir Cassirer nie in die kontinuïteit van die historiese gebeure self nie, maar in die kontinuïteit van historiese interpretasie waardeur die mens al hoe langer al hoe meer tot die volle waarheid kom.

e. Historiese konstruksie en rekonstruksie: Die historiese denke is nie 'n weergawe van die historiese proses nie, want al sou ons al die

60./ feite in hulle ........

1. E.o.M., 179.

feite in hulle kronologiese volgorde ken, het ons nog maar net 'n algemene raamwerk en skema van die gebeure en het ons nog nie 'n begrip van die werklike lewe wat hierdie raamwerk omsluit nie - en dit is tog die hoogste doel van die historikus om hierdie lewe te ken. Om hierdie doel te verwesenlik is interpretasie van die historiese feite nodig. Historiese feite is simboliese feite, en historiese herinnering is nie slegs 'n weergawe van die verlede nie. Daartoe is 'n intellektuele sintese en 'n konstruktiewe handeling nodig.

In díe opsig is die historiese denke nie die weergawe van die historiese proses nie maar die teenoorgestelde daarvan. In sy kultuur gee die mens uitdrukking aan sy protes teen die feit van die dood, want deur sy kultuurskeppings streef hy daarna om die menslike lewe onsterflik en ewigdurend te bewaar. Om te kan bly voortbestaan moet die werke van die mens voortdurend herstel en hernu word, want hulle is kwesbaar en in beide 'n materieële en geestelike sin aan ontbinding en verandering onderhewig. Selfs al sou hulle bly bestaan, loop hulle gevaar om hulle betekenis te verloor; hulle werklikheid is simbolies en nie fisies nie. 'n Simboliese werklikheid vereis voortdurende interpretasie en herinterpretasie en hierin lê die groot taak van die geskiedenis.

Historiese objekte het alleen ware bestaan as en solank hulle onthou word en hierdie herinnering moet voortdurend wees. Die historikus kan nie maar net sy objekte waarneem nie, hy moet hulle ook bewaar in díe sin dat hulle aan die lewe gehou moet word. Die historikus moet deur die kultuurobjekte dring en die oorspronklike dinamiese impuls wat hierdie objekte daargestel het, blootlê. "It is the gift of the great historians to reduce all mere facts to their f i e r i , all products to processes, all static things or institutions to their creative energies."[1]

f. Universaliteit en partikulariteit in geskiedenis: Met die aanvaarding van die hierbogenoemde as taak van die geskiedenis, verdwyn baie van die probleme. In hulle poging om 'n logika vir die geskiedenis daar te stel, het moderne filosowe verklaar dat die natuurwetenskappe gebaseer is op 'n logika van "universals" en geskiedenis op 'n logika van "individuals". Windelband verklaar dat die oordele van die 'wetenskap' nomoteties (verklaring met behulp van algemene wette) en die van die geskiedenis idiografies (verklaring en beskrywing van besondere gebeurtenisse) is. Hierteen maak Cassirer beswaar want die twee momente van universalteit en partikulariteit kan nie op so 'n abstrakte en kunsmatige wyse geskei word nie. 'n Oordeel is 'n sintetiese eenheid van albei momente - hulle staan nie teenoormekaar nie maar veronderstel en deurdring mekaar. Universaliteit is 'n funksie van die verstand, daarom moet geskiedenis ook gesien word as universeel - die historikus kan nie praat of dink sonder om algemene terme te gebruik nie. Hy bly nie staan by die beskrywing van besondere feite nie (partikuliere) maar agter hierdie feite en gebeure soek hy na 'n menslike, kulturele lewe (universele). In sy beskrywing van hierdie lewe met sy handelinge en hartstogte, met sy vrae en antwoorde, met sy

61/ spannings en ........

1. E.o.M., 185.

spannings en ontladings, gebruik die historikus sy eie taal en begrippe soos deurdring met sy innerlike gevoelens, en gee sodoende aan hulle 'n kleur van persoonlike lewe.

Dit bring ons te staan voor die fundamentele dilemma van die historiese denke: die persoonlike faktor van die historikus en die uiteindelike objektiwiteit van historiese kennis.

g. Historiese objektiwiteit: As die historikus daarin sou slaag om los te kom van sy persoonlike lewe met al sy rykdom en verskeidenheid van ervaring, kan hy nog nie objektiwiteit verwerf nie want dan ontroof hy homself van die instrument van historiese denke. As die historikus sy eie ervaring opsy stoot, kan hy nie 'n oordeel uitspreek oor die ervaring van andere nie. Die skynbare antitese tussen die objektiwiteit van die historiese waarheid en die subjektiwiteit van die historikus moet dus op 'n ander wyse opgelos word.

Cassirer sien die oplossing van hierdie probleem in die wyse waarop Ranke die geskiedenis benader. As iemand Ranke se werke lees, word hy bewus van die diepte van sy persoonlike lewe en godsdienstige gevoel. Tog is sy godsdienstige belangstelling breed genoeg om die hele veld van die godsdienstige lewe te dek. Sy simpatie, soos van alle groot historici, is van 'n besondere aard. Dit is onpartydig en betrek beide vriende en teenstanders. Hierdie simpatie vereis geen sedelike oordeel nie en ook geen goed- of afkeuring van handelinge nie. Andersyds vereis dit geen sedelike afsydigheid nie - inteendeel is die historikus bewus van die hoogste sedelike verantwoordelikheid.As hy, as gevolg van vooroordeel of haat, 'n enkele bewysstuk sou vervals of onderdruk, dan het hy sy hoogste plig as historikus versuim.

Die ware historikus se simpatie is universeel en dit omvat alle mense en alle volke van alle tye. Sodoende is hy in sy historiese visie vry en staan hy afsydig. Op hierdie wyse kan politieke geskiedenis geskryf word sonder politieke hartstog en nasionale partydigheid aan die kant van die historikus. Hy moet egter kennis neem van die wêreld van hartstogte, politieke ambisies,godsdienstige fanatisme want daarsonder kan hy geen ware historiese visie bied nie. Hy staan emosioneel buite hierdie wêreld want sy aanvoeling is intellektueel en verbeeldend. "History is a history of passions; but if history itself attempts to be passionate it ceases to be history."[1]

Daar is dus 'n verskil tussen historiese en 'wetenskaplike' objektiwiteit. Waar in die 'wetenskappe' die antropomorfiese element sover moontlik uitgeskakel word om objektiwiteit te verkry, kan dit in die geskiedenis nie gebeur nie. Geskiedenis kan alleen in 'n menslike wêreld bestaan. Dit is wel antropomorfies maar om objektief te wees, mag dit nie egosentries wees nie. Geskiedenis is nie kennis van feite of gebeure nie maar 'n vorm van selfkennis; in die geskiedenis keer die mens steeds na homself terug. Deurdat die geskiedenis die mens bekend maak met die veelvormigheid van die menslike bestaan, word hy bevry van die grille van die oomblik en deur

62./ die objektiwiteit ...

1. E.o.M., 191.

die objektiwiteit en universele simpatie van die historikus bo dit verhef. Hierdie verryking en verruiming van die self is trouens die doel van die historiese kennis. As die objektiwiteit van die geskiedenis dieselfde moet wees as die van die 'wetenskap', dan sou dit lei tot 'n historiese determinisme. Die geskiedenis sou dan die oorsake van dinge moet bepaal in stede van waardeoordele te tref. Dit wil egter nie sê dat historiese kousaliteit ontken word nie. Vryheid en kousaliteit word nie as botsende metafisiese magte beskou nie maar as "different modes of judgment".

Dit is onmoontlik om historiese denke tot die metode van natuurwetenskaplike denke te herlei. Al sou ons al die wette van die natuur ken, en al sou ons al ons statistiese, ekonomiese en sosiologiese reëls toepas, sou dit ons nog nie in staat stel om die 'mens' in die geskiedenis te sien nie. In die geskiedenis beweeg ons in 'n simboliese universum en om die simbole te verstaan en te vertolk, moet die historikus ander metodes vind as die soek na oorsake; "the category of meaning is not to be reduced to category of being".[1]

Geskiedenis is objektief wanneer dit die hele stroom van die lewe met sy ryk simboliek insluit. Daarom is geskiedenis nie slegs die versameling van feite nie en die soek na oorsake nie - op hierdie wyse kan die simbole nie verstaan en vertolk word nie. Meer nog, die feite van die historikus is nie gegee nie maar hulle moet rekonstrueer word en daarom moet hy 'n ingewikkelde en besondere tegniek bemeester om die simbole te kan vertolk. In die geskiedenis moet die simbole eers vertolk word voordat dit versamel word en sonder hierdie vertolking kan daar geen benadering van die historiese waarheid wees nie.

3. Metodes in die geskiedenis.

a. Keuring van feite: Nie ál die feite van die verlede is van belang vir die geskiedenis nie. Geskiedenis handel slegs met "memorable" facts. Daar moet dus 'n verskil wees tussen die feite wat wêrd is om te onthou en feite wat aan die vergetelheid oorgegee kan word.

Daar is in die loop van tyd verskillende maatstawwe toegepas waarvolgens feite gekeur is. Rickert het probeer om 'n sisteem van formele waardes op te stel waarvolgens hy die waarde van besondere feite wou bepaal. Hierdie beskouing gaan mank aan baie gebreke. Dit is tog immers meer vanselfsprekend om te sê dat die ware maatstaf nie die waarde van 'n feit is nie, maar die praktiese gevolge wat dit het. Maar selfs hierdie pragmatistiese beskouing is nie voldoende nie, want baie feite is ~~van~~ vir die geskiedenis van belang alhoewel dit nie juis gevolge het nie. Dit kan byvoorbeeld van waarde wees vir 'n historiese skets van een of ander historiese persoon.

Alle historiese feite is kenmerkende feite (kenmerkend van die mens), want in die geskiedenis word nie slegs op handelinge en dade gelet nie, maar ook in hoeverre hierdie dade karakteropenbarend is (van die individu sowel as van die 'mens' van die betrokke tyd).

Historiese kennis is semanties van aard en daarom word nie dieselfde maatstawwe daarop toegepas as op fisiese en praktiese kennis nie.

63./ Iets wat fisies .....

1. E.o.M., 195.

Iets wat fisies of prakties van betreklik min belang is, kan tog groot semantiese waarde hê. Hierdie soort feite " ...were not significant with respect to their effects, but they were "expressive"; they were symbols by which the historian could read and interpret individual characters or the characters of a whole epoch."[1]

b. Statistiese metodes en geskiedenis: As die feite eers versamel is duik die probleem van metode op, want in die geskiedenis kan nie van die gewone natuurwetenskaplike metodes gebruik gemaak word nie. In die tweede helfte van die negentiende eeu word baie hoë verwagtings gekoester in die gebruik van statistiese metodes, waarvolgens 'n matematiese wetmatigheid vir die menslike natuur daargestel sou kon word. Hierdie metodes kan egter slegs die patroon en uniformiteit van sekere menslike handelinge aandui en nie 'n verklaring van 'n persoonlike handeling gee nie. Omdat 'n sekere persentasie van mense selfmoord pleeg, verklaar dit nog nie Cato se selfmoord (wat 'n simboliese handeling was) nie; nog minder gee dit 'n aanduiding van die historiese betekenis van hierdie daad. Die historikus mag probeer om menslike handelinge tot statistiese patrone te herlei, maar sodoende kan hy nooit vir ons 'n beeld van mense van ander dae laat sien nie. Die statistieke is wel van groot waarde vir die studie van sosiologiese en ekonomiese fenomena en in die geskiedenis kan dit die uniformiteit en gereeldheid van sekere menslike handelinge aandui, maar dit bly uiteraard beperk tot kollektiewe fenomena. "By these rules (statistiese) we shall never attain the end which is acknowledged even by the historians of the naturalistic school. We shall not "see" the men of other days. What we shall see in this case will not be the real life, the drama of history; it will only be the motions and gestures of puppets in a puppet show and the strings by which these marionettes are worked."[2]

c. Psigologiese metodes en geskiedenis; 'n Ander rigting waarin daar na 'n algemene wetmatigheid gesoek word, is om historiese kennis en navorsing te herlei na 'n studie van sielkundige tipes. As algemene sielkundige wette kon gevind word, wat die gedagtes en die emosies van die mens beheers, kan daar maklik 'n verklaring vir die historiese wêreld gegee word. So 'n wet sal te doen moet hê met die gemeenskap en sal noodwendig op die sosiaal-sielkundige en nie op die individueel-sielkundige terrein lê nie. Die Duitse historikus, Lamprecht het byvoorbeeld beweer dat elke beskawing dieselfde volgorde en ritme volg naamlik animisme, simbolisme, tipisme, konvensionalisme, individualisme en subjektiwisme, en dat hierdie volgorde onveranderlik en onverbiddelik is. As dit waar was, dan was die mens gebonde aan 'n soort historiese fatalisme. Die geskiedenis weerspreek dit want die historiese werklikheid lê nie in 'n uniforme volgorde van gebeure nie, maar in die innerlike lewe van die mens. Hierdie innerlike lewe kan eers vertolk word nadat dit geleef is. "It cannot be anticipated in an abstract general formula (soos die statistiese metode dit wil), and it cannot be reduced to a rigid scheme of three or five acts (soos die psigologiese metodes dit wil)."[3]

64./ d. Cassirer se beskouing .....

1. E.o.M., 197
2. Ibid, 199
3. Ibid, 201

d. Cassirer se beskouing oor metode: As die probleem van metode onbevooroordeel benader word, word gevind dat elkeen van die genoemde metodes 'n bydrae kan lewer. Soos reeds gesê is, is historiese feite nie gelyksoortig aan fisiese feite nie; dokumente en monumente is nie slegs fisiese dinge nie, maar ook simbole wat gelees en vertolk moet word. Andersyds het elke simbool ook sy materieële sy, want die mens lewe in 'n fisiese omgewing wat voortdurend invloed op hom uitoefen en 'n stempel druk op al die vorme van sy lewe. As ons die mens en sy simboliese universum wil verstaan, moet hierdie feit altyd in gedagte gehou word. Fisiese omstandighede moet deur fisiese en natuurwetenskaplike metodes ondersoek word. Statistiese metodes kan 'n bydrae lewer om die kronologie van gebeure te help vasstel. Die sielkundige metodes kan diens lewer in die tipering van 'n periode.

Dit kan beswaarlik bepaal word welke van hierdie metodes voorrang moet geniet en welke die mees 'wetenskaplike' sou wees. Of geskiedenis nou 'n 'wetenskap' is of nie, behou dit sy plek en sy inherente aard in die organisme van menslike kennis. Waarna in geskiedenis gesoek word, is nie kennis van eksterne dinge nie maar kennis van die mens self. Hierdie selfkennis is antropomorf van aard in dieselfde sin wat geskiedenis dit is - 'n kennis van die mens as animal symbolicum. Dit kan nie een van die genoemde metodes en selfs almal saam nie doen nie.

Nadat die historikus al sy gegewens met behulp van bogenoemde metodes bymekaar gemaak het, is daar nog groot gapings wat deur 'n kunstenaarsverbeelding opgevul moet word. Dit wil egter nie sê dat die werk van die historikus fiksie is nie. Die verbeelding van die historikus moet hom na die waarheid lei en is hy derhalwe aan net sulke streng reëls as die natuurwetenskaplike onderhewig. Hy moet al die metodes van die empiriese navorsing benut, hy moet al die beskikbare gegewens ondersoek en hy moet sy bronne vergelyk en aan streng kritiek onderwerp. Wat van die historikus verlang word is, soos Goethe dit gestel het, "Eine Phantasie für die Wahrheit des Realen". Historici moet empiriste wees met digterlike gees want " ... the last and decisive act is always an act of productive imagination."[1]

Waar kuns ons 'n beskrywing gee van die ideaal van die menslike lewe en deur middel van 'n alchemistiese proses ons empiriese lewe in die dinamiek van suiwer vorme verander, daar gaan geskiedenis nooit by die empiriese werklikheid van dinge en gebeure verby nie. Dit giet hierdie werklikheid in nuwe vorme en gee daaraan sodoende "the ideality of recollection". Lewe in die lig van geskiedenis is een groot realistiese drama, vol van spannings en konflikte. "This drama,however, is not only felt; it is intuited."[2] As ons hierdie drama in die spieël van die geskiedenis sien, terwyl ons nog self in die empiriese lewe van emosies en hartstogte verkeer, word ons bewus van 'n gevoel van kalmte en vryheid. As geskiedenis op die regte manier gelees en geskrywe word, dan verhef dit ons tot hierdie atmosfeer van vryheid temidde van al die eise van ons fisiese, sosiale, en ekonomiese lewe.

65./ Cassirer sê dat dit ....

1. E.o.M., 204
2. Ibid, 205.

Cassirer sê dat dit nie sy doel was om in hierdie hoofstuk oor.die probleme van die filsofie van geskiedenis te handel nie. Dan sou dit moes gaan oor die historiese proses. Waar hy na streef is om die plek van historiese kennis in die organisme van die menslike beskawing te bepaal. Kuns en geskiedenis is die twee magtigste instrumente in ons ondersoek na die aard van die mens. In die groot werke van kuns en geskiedenis sien ons die individuele mens agter die masker van die konvensionele mens. "Poetry is not a mere imitation of nature, history is not a narration of dead facts and events. History as well as poetry is an organon of our self-knowledge, an indispensable instrument for building up our human universe."[1]

4. Samevatting. Geskiedenis het te doen met die verlede en die feite van die verlede en tog is geskiedenis en historiese waarheid nie slegs in ooreenstemming met, of 'n weergawe van die feite van die verlede nie.

Historiese feite is ook nie dieselfde as fisiese feite nie. Waar fisiese feite aan toetsing en meting onderhewig is, moet die historiese feite eers vertolk word voordat die historikus dit kan gebruik. Sy benadering van sy stof is dus indirek. Historiese objekte soos monumente en dokumente, hoewel ook fisies van aard, behoor aan 'n hoër dimensie en dit is ook in hierdie dimensie dat hulle historiese betekenis verkry. Feite is ook dán alleen van historiese belang, as hulle simbole is deur middel waarvan individue en kenmerke van die verlede vertolk kan word.

Die historikus begin by objekte en feite wat hy in die hede kry en vanuit hierdie gegewens maak hy 'n simboliese rekonstruksie van die verlede. Hy kan dit doen omdat sy dokumente en monumente nie dooie oorblyfsels van die verlede is nie, maar lewende boodskappe. Wat die historikus dus probeer bewerkstellig is 'n "materialization of the spirit of a former age"[2], daarom is geskiedenis 'n weergeboorte, 'n palingenese van die verlede. Geskiedenis is dus nie 'n reproduksie van die verlede nie, maar 'n rekonstruksie daarvan.

Omdat die historikus hierdie rekonstruksie in sy eie taal en begrippe moet doen, word daar 'n persoonlike keur aan gegee. Dit wil egter nie sê dat die geskiedenis omrede hiervan subjektief is nie. In sy simpatieke beskrywing van die geskiedenis het die historikus met mense te doen en daarom is sy geskiedenis antropomorf. Dit mag egter nooit egosentries wees nie. Alhoewel hy menslike hartstogte, emosies, strewings, ens. beskryf, staan hy emosioneel daarbuite en daarom kan hy objektief wees in sy geskiedenis. Sodra hy persoonlike gevoel en nasionale partydigheid in sy geskiedenis betrek, verloor die historikus hierdie objektiwiteit. Geskiedenis kan alleen objektief wees as dit die hele stroom van die menslike lewe met sy ryk simboliek betrek.

Die historikus maak gebruik van statistiese en psigologiese metodes maar daar bly nog groot gapings wat deur sy verbeelding gevul moet word. Deur hierdie verbeelding skep hy egter nie fiksie nie, want die historikus word in sy verbeelding aan net sulke hoë eise onderhewig gestel as die natuurwetenskaplike met sy proefnemings.

66./ Die simboliese .....

1. E.o.M., 206
2. Ibid, 177.

Die simboliese rekonstruksie van die verlede dra by tot die mens se selfkennis, want in die spieël van die geskiedenis sien die mens homself en die individuele mens agter die masker van die konvensionele mens. As sodanig is geskiedenis een van die magtigste instrumente in ons ondersoek na die aard van die mens.

## HOOFSTUK 9. 'WETENSKAP'.

1. Inleiding. Die laaste kultuursektor wat Ernst Cassirer in sy "An Essay on Man" behandel is 'wetenskap'. Analoog met ander sektore omskryf hy nie in hierdie hoofstuk 'n filosofie van die 'wetenskap' nie maar dui die funksie daarvan aan en die plek wat dit inneem in sy sisteem van simboliese vorme. Hy is met ander woord gemoeid met die bydrae wat 'wetenskap' lewer tot die mens se selfbevryding.

'Wetenskap' is vir Cassirer die hoogste en mees kenmerkende verwerwing van die menslike kultuur en dit is 'n produk wat alleen onder besondere omstandighede kon ontwikkel. Daar is nie nog 'n mag in die moderne wêreld wat vergelyk kan word met 'wetenskaplike' denke nie. "It is held to be the summit and consummation of all our human activities, the last chapter in the history of mankind and the most important subject of a philosophy of man."[1]

2. Die funksie van 'wetenskap'. Alhoewel daar soms radikale verskille is ten opsigte van gevolgtrekkings waartoe wetenskaplikes geraak en alhoewel hulle verskil ten opsigte van basiese beginsels waarop hulle die 'wetenskap' bou, het die 'wetenskap' by almal dieselfde funksie om te vervul. Hierdie funksie is om 'n ewewigtige toestand van stabiliteit in ons waarneme en denke te bewerkstellig, en om orde en sisteem te skep. Dit word gedoen deur die oorsaaklike verband tussen dinge op te spoor en sodoende die natuurwette wat hierdie dinge beheer, vas te stel.

Andersyds is dit nie alleen die 'wetenskap' wat hierdie taak moet vervul nie. In die moderne epistemologie vind ons dikwels die beskouing dat die eerste data van die menslike ervaring in 'n chaotiese toestand verkeer. Selfs Kant gaan van hierdie veronderstelling uit. Dit is egter nie die geval nie, want dit was nie toe die mens die wetenskaplike terrein betree dat hy 'n poging aanwend om sy kennis te sitematiseer nie. In die voorwetenskaplike stadium was die mens se ervaring nie maar slegs 'n vormlose veelheid van sintuiglike indrukke nie - die mitiese en linguale begrippe is reeds georganiseer, geartikuleer en struktureel bepaal, alhoewel nie van dieselfde aard en op dieselfde vlak as die wetenskaplike begrippe nie. Die eerste klassifikasie van die fenomena wat in taal of mite gevind word is in 'n bepaalde sin selfs baie meer ingewikkeld as die wetenskaplike klassifikasies. Die mens kon hom alleen uit hierdie voorstadium van die 'wetenskap' ophef deur die daarstelling van 'n ander maatstaf van waarheid en 'n ander beginsel van orde. In hierdie voorstadium van die 'wetenskap' beperk die mens hom tot die kring van sy onmiddelike ervaring en van waarneembare feite, terwyl die 'wetenskap' 'n baie meer

1. E.o.M.,207.